*Sondag* **2 Maart**

**Skrifgedeelte: Levitikus 9:18 – 10:3 (AFR83/2020)**
**Fokusgedeelte: Levitikus 9:1-3**

**Om naby God te wees, bring groot verantwoordelikheid**

’n Hoogtepuntdag in Israel se geskiedenis het op ’n tragiese laagtepunt geëindig. Levitikus 9 beskryf hoe die priesters met hulle dienswerk in die tabernakel begin het. Reinigings-, brand-, maaltyd- en graanoffers is gebring. Vir die eerste keer in Israel se geskiedenis kon hulle die Here só dien.

God het die offers aanvaar en Moses en Aäron het hulle geseën. Die Here se heerlikheid het aan hulle verskyn. Hulle het ’n vuur gesien wat voor Hom uitgaan en die brandoffer verteer. Die volk het gejuig en neergeval om God te aanbid. God was so naby!

Daarna het Aäron se priesterseuns, Nadab en Abihu, hulle vuurpanne gevat, kole daarin gesit en wierook daarop gegooi. Dit was teen God se bevele. Hulle Hom gedien soos hulle goedgedink het. Ten spyte van al die offers wat daardie dag gebring is, het God hulle laat sterf. Die offers moes versoening tussen hulle en God bring sodat hulle as God se heilige, afgesonderde volk kon leef. Hulle het dit egter vervang met hulle eie uitgedinkte offer. Die gevolge was verskriklik.

Ons Here Jesus het die volmaakte offer gebring sodat ons vir altyd in God se teenwoordigheid kan leef. Deur ons Here se bloed is ons afgesonder om sy volk te wees. Hy wys ons in sy Woord hoe Hy wil hê ons as sy heilige, afgesonderde volk moet leef. Sy Gees werk in ons om eerbied vir Hom te hê en Hom ywerig te dien.

As ons egter die werk van sy Gees onderdruk en slimmer as God se voorskrifte wil wees, moet ons gevolge verwag. Respekteer Hom en wees aan Hom gehoorsaam, want Hy is die heilige God wat in sy genade naby ons kom.

*Sing: Psalm 119-1:1, 3*

*Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld/Tzaneen)*